# GEBOORTEBEPERKING EN GEBOORTE-REëLING.

## I.

Die vraagstuk van die huwelikslewe word in ons tyd besonder sterk aangevoel en veelvuldig bespreek, veral weens die daling van die geboortesyfer, die styging van die egskeidingsyfer, en die toeneming van die moeite van die stryd om te bestaan.

Van alle kante verneem 'n mens van die huweliksnood, van die ontwrigting van die geslagtelike lewe self, van die magtige drang van die geslagsdrif wat steeds weer bevrediging eis, van die moeite en die smart van die vrou met die geboorte, van die sterker drang na die begeerte van die liggaamlike liefde, van die swakker verlange of bereidheid tot 'n nuwe swangerskap, nie net by die vrou nie maar ook by die man van die wens om die geboorte van kinders te beperk en te voorkom.

Die vraagstuk van die huwelikslewe het dan in ons tyd so brandend geword wat ons nie anders kan as praat van 'n ,,huweliksnood".

Die vraagstuk is alreeds meer as 'n eeu gelede in die openbaar bespreek deur Malthus, wat in 1798 deur sy beroemd-geworde werk ,,Essay on the principle of population" die eerste stoot gegee het tot die openbare bespreking van die bevolkingsvraagstuk. Dit is later bespreek deur 'n groot skare van volgelinge van Malthus, veral sinds die begin van die 20e eeu deur die sg. neo-Malthusiane, wat allerlei middele aan die hand gee om die vraagstuk van die ,,huweliksnood" op te los. Hierdie neo-Malthusiane het heeltemal die beginsels van Gods Woord opsy geskuif en benader die vraagstuk van bloot wêreldlike en wêreldse gesigspunt; vir hulle het dit geword 'n wetenskaplike (sosiologiese, etiese, eugenetiese) vraagstuk, wat los van die Woord van God en sg. objektief ondersoek en opgelos moet word.

Die hoeveelheid literatuur wat oor die vraagstuk alreeds verskyn het, is byna onoorsienbaar, en daar verskyn nog byna elke dag 'n nuwe boek, pamflet, tydskrif-artikel oor die vraagstuk. Te pas en te onpas word die volwassene, maar ook die jeugdige, skriftelik voorgelig oor die ,,seksprobleem". Die getroude en die ongetroude moet hoor van al die moontlike middele wat daar alreeds uitgevind is om konsepsie te vermy. En so word die ,,nood" deur al die geskryf steeds vererger in plaas van verlig.

Die vraagstuk is ook deur die gelowiges al lankal aangevoel,

maar deur hulle veel minder in die openbaar bespreek. Van ortodokse kant het daar tot nie lank gelede geen enkele boek verskyn wat op stelselmatige wyse en in die lig van Gods Woord die vraagstuk van „geboortebeperking" ondersoek en bespreek het nie. Hierdie gebrek kan ons baie goed verklaar. Die vraagstuk van die seksuele lewe kan van ons kant nooit op die manier en so openlik in populêre boeke en pamflette en artikels behandel word nie, as wat diegene wat 'n seksuele ontwenteling nastreef, dit doen. Dit is by ons veel meer as huigelary en preutsheid wat ons dit verbied, omdat dit 'n gevolg is van ons gehoorsaamheid aan die gebod van God, wat van ons eis skaamte. Die skaamte is 'n groot sedelike eis, wat God aan 'n sondige mensdom in Sy barmhartigheid nog stel vir die intoming en weerhouding van die sonde. As dinge wat in die intimiteit van die lewe tuis hoort, op die openbare mark van die wêreld ten toon gestel word, dan moet dit voer tot sedelike verwording, tot omkering van die orde deur God ingestel, selfs al word op die wyse beoog die opwerping van 'n damwal teen die beskouinge, adviese en morele waarderinge van die moderne mense. Ons kan die moderne „voorligters" nie volg in hul optrede en handelwyse nie, omdat ons skaamtegevoel ons dit verbied en omdat ons nie vooraf weet in wie se hande sulke boeke sal val nie. 'n Beskrywing in alle besonderhede van die seksuele lewe is nou eenmaal nie iets wat 'n mens onbewoë laat nie, ook al word dit nie in sy mees verlokkende vorm aangebied nie. Vir die een mens mag so 'n voorligting 'n goeie raad of vingerwysing wees, vir 'n ander kan dit 'n gevaarlike prikkel word, waardeur die stryd teen die sonde vir hom verswaar word.

En tog mag die gelowige nie swyg nie; hy moet teen die kwaad getuig, hy moet sy mede-gelowige wys op die enige weg tot behoudenis, ook in hierdie netelige en intieme saak. Maar die aard van sy bespreking en beskrywing van die seksuele lewe sal heeltemal verskil van die van die moderne denker, wat sig geroepe gevoel om tot in die kleine besonderhede in te dring en die in die openbaar te beskryf. Die gelowige denker gaan anders te werk. Sy beleid is die bespreking en beskrywing van die algemene beginsels in die openbaar, maar die praktiese voorligting en die beskrywing in besonderhede is vir hom sake van intieme en konfidensiële aard: die teorie van die seksuele lewe in die openbaar, maar die praktyk daaromtrent in geslote kring met inagneming van die individuele behoeftes en bevatlikheid. Die ontleding van die beginsels moet die leser in die gewete aangryp en hom die groot gevare en die enige weg voor oë stel.

Ons leiers het in die verlede dan ook nie geswyg nie. Om ons te beperk tot die 20e eeu alleen mag ons net wys op die volgende

manne: A. Kuijper in sy ,,E Voto", W. Geesink in sy ,,Gereformeerde Ethiek", H. Bavinck in sy ,,Het Christelijk Huisgezin", B. Wielenga in sy ,,Ons Huwelijksformulier", H. de Graaf in sy ,,Het Monogame Huwelijk" en ,,De Strijd om het Huwelijk", J. Waterink in sy ,,De Opvoeding tot het Huwelijk", Honig en Tazelaar in hul ,,Het Huwelijksprobleem", Hymans in sy ,,Ben Lindsey's nieuwe sexuele Ethiek" — hulle almal het hierdie probleem prinsipieel, so nie stelselmatig nie, bespreek en beskryf. In die laaste tiental jare vind ons egter dat 'n duideliker besef van die ,,huweliksnood" manne van Calvinistiese denk- en leefwyse dwing tot die bestudering van die probleem. Die eerste en enigste stelsel natige werk is die van T. Oldenburger ,,Geboortebeperking voor geloovigen en ongeloovigen". Ander belangrike bydraes is die volgende: Th. Delleman in ,,Gereformeerd Theologisch Tijdschrift", ,,Kerk en Huwelijk in dezen tijd" Juni 1932, ,,Geboorteregeling as theologisch probleem in onzen tijd" Sept. en Oct. 1932, ,,Eenige bezwaren tegen Dr. Drogendijk's studie, Geboortebeperking door Oginoïsme" Juli 1936, en sy boeke ,,Huwelijk en Roeping" en ,,Het Huwelijksvraagstuk in 1 Cor. VII"; A. C. Drogendijk in ,,De Reformatie" 1935. ,,Huwelijk en Oginoïsme" 20 en 27 Sept., ,,Huwelijk en Crisis" 4 en 11 Oct., ,,Huwelijk en Geboortebeperking" 18 en 25 Oct. en 1 Nov., ,,Huwelijk en Geboorteregeling" 8 Nov., en ,,Huwelijk en neo-Malthusianisme" 15 Nov., en sy boek ,,Geboortebeperking door Oginoïsme"; G. K. Scholp in ,,De Reformatie" van 2, 9, 16, 23 en 30 Aug. 1935 oor ,,Enige Opmerkingen over en naar aanleiding van ,,Geboortebeperking" door T. Oldenburger"; ,,Huwelijk en Geboortebeperking: drie rapporten aan de Classis 's Gravenhage van de Gereformeerde Kerken"; ,,A Birth Control Testimony: The Synod of the Christian Reformed Church in America" in "The Calvin Forum" July 1936; J. D. Mulder: "Planned Conception" in "The Calvin Forum" Maart en April 1936; P. J. S. de Klerk ,,Die Neo-Malthusianisme" in ,,Die Kerkblad" 15 Julie, 5 en 19 Aug. 1936; D. P. du Plessis: ,,Die heilige Huwelik" in ,,Die Kerkblad" 2 Sept. en volgende uitgawes.

Dit blyk dus dat ons skrywers besig is om wel deeglik aandag te gee aan die probleem.

Ons wil dan in ,,Koers" die probleem ook kortliks bespreek, en wel aan die hand van bogenoemde studies, veral die wat in die jongste tyd verskyn het.

2.

Oor die vraagstuk van ,,geboortebeperking" kan ons gelukkig kort en afdoende handel.

In gereformeerde kringe vind ons niemand wat die leer en die praktyk van geboortebeperking verdedig nie. Geboortebeperking is in stryd met Gods Woord en daarom ontoelaatbaar, en hoe minder ons daaroor sê, hoe beter. Al wat ons nog wel moet doen is om voortdurend te getuig teen die sonde van die geboortebeperking, teen die leer en die praktyk daarvan.

Menige jong getroude paar gaan die huwelikslewe aan en in met die harde besluit om vir die eerste paar jaar geen kind te hê nie, en om in die hele huwelikslewe nie meer as twee of drie kinders te hê nie. En om die doel te bereik maak hulle gebruik van die sg. kontraseptiewe middele, meganiese en chemiese middele. Dit is nou „geboortebeperking" in sy mees algemene vorm. Nou moet ons beken dat onder sulke pare soms ook is, party onbewus en andere bewus van die sonde, wat uit Calvinistiese huise afkomstig is. Vir die sulkes is dit nodig dat ons sal sê dat hulle teen die gebod van God sondig en in die besonder teen die eerste, die sesde en die sewende gebod.

Wat bring die jong mense tot die sonde-daad?

Die gronde sal wel verskil in verskillende gevalle, maar sal tog onder andere een of meer van die volgende wees: om die gesinsvermeerdering so te beperk dat uit die huwelik die gesondste en sterkste kinders gebore sal word; die kinders die hoogste verstandelike ontwikkeling kan ontvang en so die allerbeste kanse kan hê op 'n goeie bestaan; die beste sorg bestee kan word aan die bevordering van die gesondheid van die moeder en die kinders; die vrou self kan vasstel wanneer sy moeder wil word en so haar „soewereine mag in eie kring" kan handhaaf; die vrou meer tyd vry kry vir eie ontwikkeling, vermaak en sosiale diensvaardigheid; die gevaar van oorbevolking afgewend kan word en die vermeerdering van armoede en werkloosheid teen gegaan kan word; die moontlikheid van egskeiding amper uitgeskakel kan word daar dit vir die man en vrou moontlik word om mekaar tegemoet te kom op die punt van die geslagslewe; die vrou ewegoed as die man van die erotiek van die huwelik ten volle kan geniet, net wanneer sy wil en sonder dat sy die gevolge daarvan hoef te vrees en so dat geen angs haar meer in die huweliksomgang hoef te druk nie.

Maar die gelowige kan elk van die denkbeeldige gronde weerlê deur te sê dat deur geboortebeperking 'n biologiese verjonging van die menslike ras nie sal optree nie en 'n klein aantal kinders nie juis sterk en gesond sal wees nie; die kinders nie 'n beter verstandelike opvoeding sal ontvang nie; die klein gesinne nie meer werk sal

verskaf en beter waarborge vir 'n behoorlike lewensbestaan sal gee nie, maar eerder dat klein gesinne ongunstig is vir die kinderontwikkeling omdat daar geen wisselwerking tussen kinders is nie; die versorging van die moeder en die kinders as die gesin klein is nie beter hoef te wees nie; die vrou by die nuwe geestesgesteldheid nie vry word nie, haar lewensgeluk nie bevorder word nie, sy nie meer tyd kry vir eie ontwikkeling, vermaak en sosiale diensvaardigheid nie, want sulke ,,onmoederlike vroue is juis die wat nooit tyd vir ander dinge as vir hulself het nie en die ,,besige" moeder nog altyd tyd vind vir die ander dinge; dit nog glad nie bewys is dat die gevaar van oorbevolking dreig nie; die egskeidingsyfer nie afhang van baie kinders nie maar van teuellose erotiek, wat die huwelik in sy funksie en hoogste ideale ondermyn; die veelvuldige geslagtelike verkeer nie noodsaaklik is vir die gesondheid en die geluk van die mens nie, maar eerder dat die mens so slaaf word van eie en ander se hartstogte.

Sulke verweer-antwoorde raak egter nie die wortel van die kwaad nie. Ons moet nie net die praktyk van die geboortebeperking bestry nie, maar ook die gedagte daarvan en daaragter. Die geboortebeperking is gebore uit die revolusionêre gedagtes van vryheid, gelykheid en broederskap, gebore uit die verlating van God en Sy gebod.

Dit is 'n oortreding van die eerste gebod: ons moet dit beskou as ,,ongodsdienstigheid". Die moedswillige voorkoming van swangerskap is in sekere sin 'n vergryp aan die reg van God, wat besluit na Sy welbehae oor dood en lewe.

Dit is 'n oortreding van die sesde gebod: doodslag van die pasgebore kind, die afdrywing van die ongebore vrug, die onwerksaammaking van die vrugbare saad staan wel heel ver van mekaar maar is in wese tog nie so verskillend nie. Agter al drie lê die idee van ,,doodslag".

Dit is 'n oortreding van die sewende gebod: dit is 'n ontheiliging van die sewende gebod, 'n skending van die heilige huwelik, 'n regstreekse ingaan teen die natuurlike ordening van God. Die neo-Malthusianisme, gebore uit 'n revolusionêre gees en opgegroei onder die begunstiging van die rasionalisme en naturalisme, is in wese, doel en middele anti-godsdienstig, a-sosiaal, teen-natuurlik.

Daarom moet elke Christen die verderflike leer en praktyke met alle mag teengaan.

3.

Minder kort en afdoende kan ons wees oor ,,geboortereëling", want waar ons ,,geboortebeperking" as ontoelaatbaar, negatief en

gesinsafbrekend beskou, moet ons ,,geboortereëling" as toelaatbaar, positief, gesinsvormend opneem.

Geboortereëling staan tussen twee uiterstes: aan die een kant staan diegene, wat 'n so groot moontlike aantal kinders as eis stel, soos die Oosterse Jode, wat geslagtelike onthouding as ontoelaatbaar beskou; aan die ander kant die neo-Malthusiane, wat met alle krag en middele die aantal kinders so klein moontlik wil hou. By geboortereëling word die kinderseën ten volle geëer, maar word dit as plig beskou om nie dadelik na die een geboorte weer die moontlikheid van 'n nuwe te skep nie. Tussen geboorte en geboorte moet daar 'n sekere tyd verloop; hoe groot dit moet wees, hang af van die individuele gewete, maar dit sal afwissel van 1 tot 3 jaar.

Oor die wenslikheid, ja selfs die sedelike plig tot 'n sekere reëling van die geboortes in meeste, selfs in alle gesinne is daar min verskil onder die gereformeerde denkers. Dr. Wielenga het reeds in sy verklaring van die huweliksformulier opgemerk dat uit die bevel van God tot vermenigvuldiging glad nie volg dat die mens maar steeds sy geslagsdrif sou bevredig en sogenaamd die uitslag aan God oorlaat nie, dat daar was en is 'n misbruik maak van die ordinansies van God ten koste van die welstand en die lewenskrag van die gehuwdes, en tot skade van die opbloei van die gesin. Prof. Geesink handel in sy etiek oor bepaalde gevalle, waarin tydelike, selfs algehele onthouding in die huwelik plig is, en sê dat daar seer seker omstandighede kan wees waarin op grond van sedelike oorweginge op beperking van die getal kinders, ja selfs op die voorkoming van die nuwe geboortes aangedring moet word. Prof. Schilder sê in 'n artikel oor ,,Onze Zelfvertering" in ,,De Reformatie" van 5 en 12 Feb. 1932 dat daar gevalle is, waarin beperking van die getal kinders gewens, ja gebied is. Dieselfde beskouing vind ons ook by Ds. Th. Delleman en by Dr. A. C. Drogendijk.

Wat is die gronde waarop hierdie opvatting aangaande die reëling van geboortes rus?

Ons mag onder andere die volgende oorweginge vir die reëling van die geboortes noem. Dit is sekerlik 'n misbruik maak van die leer van die Voorsienigheid van God as Christene die uitkoms van die geslagtelike gemeenskap sonder meer aan God oorlaat; dit is 'n soort huweliksfanatisme wat verwerplik is. Die idee van geboortereëling staan in die lyn van die Heilige Skrif, wat blyk uit die seremoniële gesondheidswet op die geslagslewe deur God aan Moses gegee. Leviticus met sy verbod van 40 tot 80 dae maak dit prakties onmoontlik dat 'n vrou binne 1 jaar twee kinders kan hê.

Waaragtige liefde eis dat die wense van die vrou geëerbiedig sal word; ook sy moet uitsien na die koms van 'n nuwe kind; die bevrugting mag nie 'n onaangename verrassing wees nie, maar 'n gebeurtenis wat alleen tot stand kom na ernstige oorleg van die gehuwdes; dit moet nie alleen 'n daad van liefde wees nie, maar ook van geloof. Die gesindheid en krag van die vrou vereis ook 'n sekere spasiëring van die geboortes; as die vrou siek of sieklik is, as 'n nuwe geboorte die lewe van die vrou in gevaar mag bring, moet die moontlikheid van bevrugting uitgestel word. Die kragte van die moeder moet ook gekonserveer word, sodat daar nie onnodig liggaamlik en geestelik abnormale kinders uit die huwelik gebore word nie. Die gesondheid, versorging en opvoeding van die kinders eis ook 'n nie te vinnige opeenvolging van die geboortes nie. As nuwe geboortes in 'n gesin die moontlikheid van 'n reeds te groot armoede en werkloosheid kan verhoog, is dit die plig van die gehuwdes om nuwe geboortes te voorkom. Sonder reëling van die geboortes is daar die nie onmiskenbare gevaar van verlies aan geslagtelike kontrole, en voer dit tot ongekontroleerde seksuele wellus en dierlikheid.

By die reëling van die geboortes mag die uitgangspunt egter nooit egoïsties of selfbeskikkend wees nie. Hier moet die Christelike egpaar hulleself altyd toets: die kind moet altyd met verlange ontvang word, en met dankbaarheid aan die Gewer van alle lewe.

Ons mag dus aanneem dat geboortereëling onder ons wel 'n sedelike verpligting is en word.

Die belangrike vraag van hoe dit verkry moet word, moet nou beantwoord word.

Daar is drie moontlike weë. Die eerste weg is die van die neo-Malthusianisme, die gebruikmaking van meganiese en chemiese middels. Die weg is vir die Christen ook by die reëling van geboortes gesluit, omdat hier dieselfde besware geld as by geboortebeperking. Die tweede weg is die al-oue, ortodokse, geregverdigde weg van die algehele onthouding. Daar moet dus na die geboorte van die kind absolute onthouding wees tot die tyd aangebreek het vir die wenslikheid en moontlikheid van 'n nuwe bevrugting. Oor die twee weë bestaan daar by ons gereformeerdes min of geen verskil van mening nie. Daar is egter nog 'n derde weg: die sg. periodieke onthouding of die Knaus-Ogino-metode. Volgens die ondersoekinge van Knaus (Oostenryk, 1929) en van Ogino (Japan, 1930) bestaan daar in die lewensperiodes van die vrou sekere vrugbare en onvrugbare tye wat in elke geval betreklik noukeurig vasgestel kan word. Hierdeur is die weg geopen vir bewuste konsepsie-

vermyding ook langs 'n ander weg as met behulp van die neo-Malthusiaanse middele of deur algehele onthouding. Onder gereformeerdes is daar verskil van mening oor die vraag of periodieke onthouding in die huwelik, die sg. Oginoïsme, vir die Christen geoorloof is. Rooms-katolieke leiers het hierdie wetenskaplike metode van periodieke onthouding in die huwelik aanvaar as versoenbaar met die Christelike moraal. Alle Christene is egter hiermee eens: as die doel van die egpaar geboortebeperking is en die middel daartoe samelewing in die onvrugbare tye, dan het ons hier met 'n handelwyse te doen wat sondig is, want hier word 'n „goeie" middel gebruik om 'n sondige doel te heilig. As die doel egter is om die geboortes te spasieer, kan daar verskil van mening bestaan. Daar is dan ook 'n groep gereformeerde leiers, soos Dr. Drogendijk, wat die metode as ongeoorloof verwerp: die middel is wel op sigself geneem volkome onskuldig, maar die bedoeling deug nie, omdat met opset 'n tyd gekies word, waarin bevrugting prakties amper uitgesluit is. Daar is egter ook 'n groep gereformeerdes, soos Ds. Th. Delleman, wat voel dat ons die metode van periodieke onthouding nie somar-so kan verwerp nie. Laat ons nou die teenstelling nagaan.

Volgens die eerste opvatting het die huwelik twee doeleindes: primêr die voortplanting van die mensegeslag en sekundêr die bevestiging van die egtelike liefde. Die mens mag in sy huwelikslewe die twee doeleindes nie skei nie, want dit is 'n skending van die natuurlike wette van God, en daarom ongehoorsaamheid aan Sy gebod. Die enige toelaatbare weg is dan die eis van absolute onthouding, ook vir die geboorte-spasiëring. Absolute onthouding is nie 'n te geweldige ontkenning van die menslike natuur nie; die mag van die genade is groter as die mag van die sonde. As die liefde van Christus ons beheers, dan sal dit ons die oorwinning gee oor al wat daarmee in stryd is, en ook gee die krag tot oorwinning. En as die eis tot algehele onthouding te swaar is en word, en dit tot versoeking sou word, dan kan dit selfs dure plig word om dit op te gee en te aanvaar die normale samelewing met al sy gevolge, en daarby die uitkomste met vertroue en gelowig aan God oorlaat. Ook in dergelike gevalle mag geen middels gebruik word nie, want „kan iemand vuur in sy skoot dra sonder dat sy klere verbrand?"

Volgens die tweede opvatting het die huwelik ook nog 'n derde doel, en wel volgens 1 Kor. 7 die betekenis wat die huwelik sinds die sondeval gekry het as „bolwerk teen die ontug." Teen langdurige onthouding kan ingebring word dat daardeur die wese van die huwelik (liefdesgemeenskap) opgeoffer word aan die doel (voortplantingsgemeenskap). Daar bestaan 'n baie innige verband tussen

die geslagsgemeenskap en die voortplanting, 'n verband deur God gelê. Maar ons moet die vraag nie vanuit die wese van die huwelik benader nie, maar vanuit die groot betekenis, wat die huwelik na die sondeval gekry het, nl. om alle onkuisheid en bose luste te vermy en met 'n goeie en geruste gewete te lewe. Die huwelik is dan die deur God daargestelde bedding vir die stroom van die seksuele lewe. Dit bewaar vir baie versoeking en bied die oplossing van die groot seksuele nood. Daarom moet ons teenoor die metode van periodieke onthouding anders staan as teenoor die neo-Malthusiaanse middele gebruik. As dit gebruik word in valse selfbeskikking, dan is dit sonde; maar daar is ook Christene wat meen dat daar ook 'n goeie gebruik van moontlik is. Die groot vraag waarom dit hier gaan vir ons Christene is: moet gehuwdes, as dit vir hulle vasstaan, hulle in hul gewete oortuig is, dat God hulle in 'n bepaalde tyd of vir 'n bepaalde tyd nie roep tot 'n nuwe voortbrenging van 'n kind nie, moet hulle dan in die tyd hulself heeltemal van geslagsgemeenskap onthou? En by die beantwoording van die vraag moet ons rekening hou met die huweliksgebod (wese en doel), met die liefdesgebod (jy sal nie doodslaan nie) en met die waarskuwing in 1 Kor. 7: 2, 5. Daar is vanuit die standpunt van noodsaaklike selftug 'n groot sedelike onderskeid tussen die metode van periodieke onthouding en die van preventiewe middele. Vir sommige gehuwdes kan dit, in bepaalde gevalle, 'n vir hul gewete te regverdige uitweg wees, maar dit kan en mag egter nooit anders as noodweg wees nie, anders word die gewete belas. So ergens dan hier geld die goue reël: „elkeen moet in sy gewete ten volle versekerd wees."

Ons mag eindig met die ernstige woorde van Prof. Schilder in die hierbo-aangehaalde artikel waar hy sê dat dit dwaasheid is as of een gereformeerde teoloog of een gereformeerde medicus op sy eentjie sig sou waag aan 'n konsep-ontwerp vir wat in hierdie vraagstuk die wet van God beveel en verbied.

J. Chr. Coetzee.